# MEMORANDUM INSAKE UITEENSETTING VAN STAATKUNDIGE BEGINSELS.

Kortliks wil ek graag die volgende faktore ter oorweging skenk, en in alle beskeidenheid versoek dat hierdie voorlegging voorlopig vertroulik sal bly:

1. Voortspruitend uit die Referendum-uitslag van verlede week, moet ons aanvaar dat die grootste deel van die huidige Republiek feitlik onvermydelik tot groter staatkundige eenheid saamgesnoer sal word.

2. Die voorstelle sou dus merendeel, minstens in breë trekke aanvaarbaar wees, maar benodig myns insiens minstens een, wesenlike verfyning, wat met aansienlike omsigtigheid benader dien te word.

3. Voorsiening bestaan weliswaar vir die moontlike, maar ontmoedigde, verskynsel van streek-afskeiding by ooreenkoms, maar dit is nie duidelik tussen wie daar ooreengekom sou word, of namens wie nie.

4. Dit sou, met respek, verkieslik wees dat, in die lig van tradisionele strewes, veral van die Afrikaner, daar uit die staanspoor voorsiening moet bestaan vir spontane volkstaatsontwikkeling, maar dan sonder die uitgangspunt van geforseerde ontruiming, verhuising e d m., soos vroeer. Hierdie konsep sou dan behels, die afbakening van minstens een lewensvatbare, geografiese landstreek, in omvang en hulpbronne gelyksoortig aan die gemiddelde Swart tuisland (inaggenome dat die stem teen die beoogde eenheidstaat aansienlik was).

5. In die betrokke gebied word by wyse van moratorium, die verdere oorgang tot die enkele kieserslys, voorlopig opgeskort en dit word voorts afgesonder van die restant van die Republiek. Soos die staatkundige ontwikkeling voortgaan, kan eiesoortige strukture, selfstandige owerhede op alle vlakke en selfs eie onafhanklikheid, in een of ander mate aldaar gevestig word. Natuurlik sal die huidige driekamer-parlement ook ooreenkomstig die 1983-Grondwet, geleidelik daar gedupliseer (of heringestel) word, met die ander konstitusionele stelsels en instellings, wat reeds daarkragtens funksioneer, soos ook die Hooggeregshof.

6. M b t hierdie gebied word vervolgens die geleentheid geskep vir demografiese uitwisseling, in wese vrywillig maar behoudens instromingsbeheermaatreëls en selektiewe migrasiepraktyke, ten einde toe te sien dat blankes (en moontlik van die klein minderhede) wel die geleentheid bekom om hulle eie meerderheid binne daardie grense op te bou, alvorens die stemreg uitgebrei word. Intussen bly die "kanton" konfederaal verbonde aan die groter Suid-Afrika self, maar na omtrent drie tot vier dekades word sy bevolkingsamestelling en interne voorkeure herbepaal met die oog op die finale staatsregtelike en volkeregtelike beskikking daaroor. Tussentydse hervorming, soos die instelling van die nodige menseregte-handves, "regstellende aksie" en aansuiwering van die regstaatsbedeling, kan eweso volg.

7. Lateraan mag die kanton se grense uitbrei of inkrimp en dit kan ook ekonomies groei tot volwaardige nasionale staat waarin die Afrikaans ge-oriënteerde element uiteindelik stellig dominant sal wees. Selfs vele ondersteuners van die huidige onderhandelinge sou waarskynlik aansluiting wil vind by hierdie gedagte wat nie te ekstremisties voorkom nie en bloot op vrye, natuurlike prosesse, voorkeure, samehorigheid en kulturele selfbeskikkingstrewes berus.

Ekself sou die beginsel minstens verder wil voer, maar sonder om in die onderhandelingskonteks, van die F A K vervreem te raak, en doen dus die nodige beroep op die bestuur om asseblief aan myself hierdie vergunning - voorlopig as gewone lid - toe te staan, sodra my amptenaarskap verval.

Catherineweg 17,
Fontainebleau,
Randburg 2194.
30 Maart 1992.

Die Sekretaris,
Bestuurskomitee van Kodesa,
KEMPTON PARK.

Geagte heer,

VOORLEGGING VAN ALTERNATIEWE VOORSTEL:
KONSTITUSIONELE MODIFIKASIE N A V. FAK-DOKUMENT.

Graag voorsien ek hiermee my voorlegging insake die moontlike verfyning van die grondwetlike aanbevelings deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings aangebied vir oorweging deur Werkgroep II, en soos pas in die media bekend gestel.

Vanwee my lidmaatskap van die F A K., het ek vooraf ds Henno Cronje geraadpleeg en hy is daarmee tevrede dat ek hierdie kwalifiserende voorbehoud, as "lojale eksipiënt" stel. Ek is regsadviserend by die SAUK werksaam sedert Julie 1975 en het die Mediareg onder meer breedvoerig bestudeer. Indien verdere toeligting of bydraes verlang sou word, sou ek self met graagte gegewens verstrek, (met vergunning van my werkgewer), en die gedagtes aanvullend probeer ophelder, en miskien kan ek ook op ander terreine enkele bydraes lewer.

Weer eens dankie vir die uitnodiging om hierdie vertoë te rig, soos by monde van adv Basson oorgedra.

By voorbaat, met opregte dank vir die verdere beskikking hieroor.
Met hoogagting, die uwe,

(adv) André D. Le Roux.